

Die Seun het as Mens die duiwel ontwapen (OP80)

Heb 2:14-16

13 Maart 2022

Ons is steeds besig met die beredenering van die Hebreërskrywer oor die feit dat die Seun meer verhewe is as die engele. Laasweek het ons gesien die Seun is ons Leidsman tot die verlossing. Ons het gesien alhoewel die mens deur God geskep is om te heers oor alles, sien ons nie op die oomblik dat dit die geval is nie. Wat ons wel sien is dat Jesus, die Mens Jesus, met Sy koms vir 'n kort tydjie minder as die engele geword het, en dat op grond van Sy lyding en sterwe is Hy met eer en heerlikheid gekroon en sit aan die regterhand van die Vader vanwaar Hy wel oor alles heers. Deur dit te doen het Hy as ons Leidsman die pad vir ons oopgebeur sodat ons mag uitsien daarna om eventueel saam met Hom te heers.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 2:14-16. In hierdie verse leer ons nog verstommende implikasies van die feit dat die Seun mens geword het. Weereens moet ek erkenning gee aan AW Pink en die besondere insigte wat die Here aan Hom gegee het oor hierdie gedeelte, en wat ek gebruik in hierdie preek.

Kom ons lees weer verse 14-16. In hierdie verse word daar vir ons nog 3 redes gegee waarom die Seun mens geword het:

- Hy het mens geword om deur Sy dood die duiwel te oorwin (vers 14)
- Hy het sodoende ook die gelowiges bevry van hulle vrees vir die dood (vers 15)
- Hy het sodoende beslag gelê op die nageslag van Abraham (vers 16)

Ek wil die volgende struktuur gebruik om hieroor te dink: (1) Die wonder van die menswording, (2) die noodsaak vir die menswording, (3) die aard van die menswording, (4) die volmaaktheid van die Seun as mens, en (5) die doel van die menswording – hier sal ons kyk na die drie redes vir die menswording wat ek sopas genoem het en wat uit verse 14-16 na vore kom.

Die wonder van die menswording van die Seun

Soos wat dikwels die geval is wanneer ons oor God se handeling besin, moet ons hier ook erken ons kyk nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld (1 Kor 13:12). Ons het maar 'n gebrekkige verstaan van hoe wonderlik die feit is dat die Seun, deur wie God alles geskep het, wat van ewigheid af reeds God was, mens geword het. Een van die redes hoekom ons dit nie goed kan begryp nie, is omdat dit 'n absolute unieke gebeurtenis was – daar is niks waarmee ons dit kan vergelyk nie.

Maar dink oor die volgende: Toe ons na Heb 1:14 gekyk het, was ons opgewonde dat die Seun die engele gebruik om ons as gelowiges te dien, sodat ons daarna kan uitsien om wel die saligheid te beërwe. Onthou wie die engele is: hulle is wesens sonder sonde, hulle is onsterflik, hulle is kragtig, hulle is eenvoudig indrukwekkend. Ons is opgewonde oor hulle bemoeienis in ons lewens. Nou, as die Seun mens word, doen Hy dit omdat Hy Hom ook met ons bemoei. Dink oor hierdie wonder: As Hy mens word, dan beteken dit dat Hy vir 'n wyle minder word as die engele – Hy wat die engele geskep het, word minder as hulle. Trouens Hy word gelyk aan ons mense, vir wie Hy ook geskep het! Dit is 'n wonder!

So 'n groot wonder is dit, dat toe dit gebeur het, en die engele dit aan die skaapwagters kom aankondig het in Luk 2:9, lees ons dat die glans van die heerlikheid van God rondom hulle gestraal het! Toe Hy mens geword het, het daardie heerlikheid van God wat destyds die tabernakel en die tempel vul het, weer sigbaar geword. Dit is eenvoudig 'n wonder wat gebeur het.

Die noodsaak vir die menswording van die Seun

Hoekom was dit noodsaaklik dat die Seun mens moes word? In Heb 2:11 het ons gelees dat Hy wat heilig maak (dus die Seun), asook hulle wat geheilig word (dus die gelowige mense), is een. In 1 Kor 1:16 lees ons dat wie Hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom. Laasweek het ons na Joh 17 gekyk waar die Seun gebied het dat die gelowiges een sal wees met Hom, en ook met Sy Vader. As ons een moet word met die Seun en Sy Vader, as ons deel moet kry aan die Seun se Goddelike natuur, as ons 'n betroubare beeld van God moet wees, dan moet die kloof tussen die mens en God oorbrug word. Hierdie oorbrugging gebeur as die Seun mens word en gelyk aan ons word (Heb 2:17), minder as die engele word (Heb 2:9) en dan as ons Leidsman die pad oopmaak dat ons een kan word met die Seun en Sy Vader. Die mens kan nie self die kloof oorbrug nie, want dit was die mens wat die kloof geskep het toe hyself God wou wees. As hierdie kloof oorbrug is deur die Seun as Leidsman, kan die mens die kloof oorsteek en een word met die Seun en die Vader.

Die aard van die menswording van die Seun

In vers 14 lees ons dat die kinders van God, soos ook alle mense, is mense van vlees en bloed. Die uitdrukking "vlees en bloed" dui op die broosheid van die mens, op sy nietigheid, sy sterflikheid, sy afhanklikheid. Dit dui op die mensheid van die mens. Dink maar aan Ef 6:12 waar ons lees: "Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose magte van hierdie sondige wêreld, teen die bose geeste in die lug". Die implikasie is dat as ons stryd maar teen vlees en bloed was, dan het ons nog 'n kans gestaan, maar nou is die stryd waarin ons is, teen die bose geeste – dit is soveel ernstiger. Vlees en bloed dui op relatiewe swakheid, op nietigheid.

Die verstommende is dat vers 14 ons leer dat die Seun, die Een deur wie God alles geskep het, soos hulle geword het – ook vlees en bloed. Hy het kom deel in hulle aard. Ons sien dit is waar as ons lees dat Hy moeg geword het, dat Hy honger geword het, dat Hy swaar gekry het – dink maar aan Sy worsteling in Getsemane voor Sy kruisiging. Ons sien Sy afhanklikheid van Sy Vader as Hy bid – as Hy byvoorbeeld deur die nag bid voor Hy Sy dissipels kies. Hy wat as almagtige God alles geskep het, word broos soos die mens, Hy wat van ewigheid bestaan het, kom en sterf self soos wat mense sterf. Dit is verstommend!

Die volmaaktheid van die Seun as mens

Daar is egter 'n verskil tussen 'n gewone mens en die Seun van God as mens: ons as mense het nie 'n keuse gehad het nie – God het ons geskape as mense, daarom is ons mense. Maar met die Seun is dit anders – Hy was van altyd af God. Hy het egter vrywillig mens geword. Onthou jy Fil 2:6-7: "Hy het Sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word".

Daar is nog 'n verskil, 'n radikale verskil, tussen 'n gewone mens en die Seun van God as mens: Hy was sonder sonde, terwyl alle ander mense sondig is. In Luk 1:35b sê die engel vir Maria: "Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God." Die Seun was as mens heilig, sonder sonde.

Toe die Seun van God mens geword het, was Hy dus volmaakte mens: Enersyds beteken dit Hy was volledig mens, soos wat ons mense is. Andersyds beteken dit Hy was volmaak in die sin dat Hy geen sonde gehad het nie.

Die doel van die menswording van die Seun

Ons gaan nou fokus op die doel van die menswording van die Seun soos wat dit vir ons in verse 14-16 beskryf word. Maar let daarop dat daar nog meer redes is hoekom die Seun mens geword het as wat ons in hierdie verse lees: Ons het byvoorbeeld laasweek al gesien dat Hy mens geword om as ons Leidsman die weg oop te maak sodat ons saam met Hom kan heers. As die Here wil gaan ons volgende week stilstaan by vers 17-18 waar ons leer Hy het mens geword om sodoende ons Hoëpriester te kon word. Joh 3:16 leer ons Hy het mens geword, want dit is hoe lief God die wêreld gehad het. I Tim 1:15 leer Hy het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Dit is alles deel van die wonder van die menswording: daar is soveel verskillende dimensies aan wat ons mag raaksien deur na verskillende gedeeltes te kyk. Kom ons kyk nou na die drie redes wat ons in verse 14-16 vind:

- Die Seun het mens geword om die duiwel tot niet te maak (vers 14): Ons lees in vers 14 dat die duiwel die een is wat mag het oor die dood. Beteken dit dat die duiwel voor die menswording van die Seun, m.a.w. in die Ou Testament, die een was wat besluit het wanneer iemand sou sterf? Die antwoord hierop is natuurlik: Nee. In Deut 32:39 lees ons byvoorbeeld die volgende: “Besef dit tog: Ek, Ek is die Here! Naas My is daar geen ander God nie. Ek maak dood en Ek gee lewe. Ek maak siek en Ek maak gesond. Uit My mag word niemand bevry nie.” Duidelik is die lewe en die sterwe van elke persoon in die hand van God. Dit was selfs in die Ou Testament nie die duiwel wat besluit het wanneer iemand sou sterf nie.

Wat beteken dit dan dat die duiwel mag gehad het oor die dood? Lees Joh 8:44-45. Jesus sê hier vir die Jode dat hulle kinders van die duiwel is, en dat die duiwel van die begin af ‘n moordenaar is. Boonop is die duiwel ook in sy aard ‘n leuenaar, trouens hy is die vader van die leuen. Ons weet dit is waar: In Gen 3 het die duiwel vir Adam en Eva verlei deur ‘n leuen te vertel. Hulle het dit geglo, en die gevolg was dat hulle gesterf het. Dit is in hierdie sin dat hy ‘n moordenaar is, en dus mag het oor die dood.

Maar dit gaan oor meer. Ons weet ook dat die duiwel mense by God aankla. Dink maar aan die geval van Job, waar die duiwel Job by die Here aankla. Sy argument is dat Job net getrou aan die Here is omrede die Here Job seën. Hy wil die Here oortuig dat gehoorsaamheid met die doel om deur die Here geseën te word, ten diepste verkeerd is en teen die wil van die Here is, en dat die Here daarom vir Job moet straf. Nou, Job was ‘n besondere opregte persoon. As die duiwel selfs Job nie met rus nie – wat dan nog van mense wat minder opreg is as Job. Alhoewel dit verregaande is dat die duiwel die een is wat die gelowiges by God aankla, siende dat dit juis hy is wat die mensdom verlei om sonde te doen, het die duiwel tog ‘n punt beet. Die argument wat die duiwel gebruik om mense by God aan te kla, is die volgende: Hy redeneer God is immers regverdig, en daarom moet God sonde straf. Hy redeneer ook dat God se wet onwrikbaar vasstaan – God het dit immers self op skrif gestel, en daarom kan God nie die wet ignoreer nie. Verder redeneer hy dat alle mense gesondig het en dus die wet van God oortree het (ja, dit is verstommend dat die duiwel die mense by God oor sonde aankla terwyl juis hy die een is wat hulle verlei het om sonde te doen – maar dit is wat iemand doen wat die vader van die leuen is). Die punt van die duiwel is: Omdat God regverdig is, omdat God se wet vasstaan, omdat alle mense die wet oortree het – daarom moet God alle mense met die dood straf. En kom ons wees eerlik: die duiwel het ‘n punt beet! Dit is in hierdie sin dat die duiwel mag het oor die dood. Hy het deur die feit dat hy mense tot sonde verlei het, ‘n goeie saak dat God mense met die dood moet straf!

Wat het dit nou te doen met die menswording van die Seun? Ontslaglik baie, volgens vers 14. Ons leer dat die Seun mens geword het om sodoende, deur Sy dood, die duiwel te vernietig.

Hoe het dit gebeur? Dit het so gebeur: Die Seun het mens geword – ‘n mens van vlees en bloed. Maar Hy was die volmaakte mens – Hy het nie sonde gehad nie. Hy was heilig. Hy het gekom gedring deur liefde vir Sy Vader en liefde vir die wat aan die Vader behoort. Daarom het hy hierdie mense se sonde op Hom geneem – Hy is vir hulle tot sonde gemaak. Hy het hulle sonde Sy eie gemaak. En toe het Hy vir hulle sonde gesterf aan die kruis. In die proses het Hy die grond onder die duivel se voete uitgehaal. Die duivel het gesê omdat God regverdig is en omdat mense God se wet oortree het, moet God hulle straf met die dood. Die Seun se optrede het dit presies bevestig: God is regverdig. God se wet staan. Oortreding van die wet is strafbaar met die dood. Daarom straf God Sy Seun wat as die volmaakte mens die sonde van die wat aan God behoort op Homself geneem en daarvoor gesterf het. En sodoende is die hele argument van die duivel daarmee heen. God het Sy Seun as mens met die dood gestraf soos wat Sy wet vereis. Die duivel se argument is vernietig!

Lees saam met my Kol 2:14-15. Sien jy dit is presies wat die Seun kom doen het: Hy het die (geldige) skuldbewys wat die duivel teen ons wil hou, as’t ware teen die kruis laat spyker toe Hy teen die kruis gespyker was. Hy het die prys betaal wat volgens daardie skuldbewys betaal moes word. En so het hy die bose magte, insluitend die duivel, ontwapen. Sy argument is daarmee heen, dit het verval. Hy het nie meer mag oor die dood van die mense wie se skuld saam met die Seun aan die kruis gespyker is nie. Let op: Alhoewel die Seun die Vader sou kon vra om ‘n legioen engele te stuur om die duivel te vernietig, alhoewel Hy dit met groot magsvertoon sou kon doen soos destyds met die gee van die wet by Sinai, het die Seun dit gedoen deur die duivel te ontwapen – die duivel het geen argument meer op grond waarvan hy die dood van die gelowiges kan eis nie. Kommentatore is dit eens dat “vernietig” nie beteken dat die duivel totaal vernietig is in die sin dat hy nie meer bestaan nie – dit kan natuurlik nie waar wees nie, want Petrus leer ons hy loop steeds rond soos ‘n brullende leeu (1 Pet 5:8). Wat dit wel beteken is dat sy argument, en dus sy mag, tot niet is. Die rede waarom die duivel so briesend is, is die feit dat sy aanklag teen die gelowiges daarmee heen is. Ons weet natuurlik ook uit Op 20:10 dat die duivel finaal vernietig sal word as hy in die poel van vuur gewerp gaan word wanneer die Seun weer kom.

- Die Seun het mens geword om gelowiges te bevry van hulle vrees vir die dood (vers 15): Vers 15 gee vir ons nog ‘n rede waarom die Seun mens geword het, en dit is dat gelowiges deur Sy menswording bevry word van hulle vrees vir die dood. Natuurlik loop dit hand aan hand met die oorwinning van die duivel wat mag oor die dood gehad het.

Dit is net eenvoudig so dat mense van nature in vrees vir die dood leef. Die Bybel is vol voorbeelde: In Gen 3:8 lees ons dat Adam en Eva na die sondeval in vrees was omdat hulle gesondig het, en God het gesê dat hulle sou sterf die dag wat dit gebeur. In Gen 4:13-14 lees ons van Kain wat deur die Here gestraf word na Abel se dood, maar dan kla Kain dat die straf te swaar is, want enigiemand kan hom nou doodmaak. As Samuel in 1 Sam 28 aan Saul verduidelik dat hy teen die volgende dag sou sterf, val Saul in sy volle lengte op die grond neer in vrees. As Paulus vir Feliks in Hand 24:25 konfronteer oor ‘n lewe in gehoorsaamheid aan God, oor selfbeheersing en oor die komende oordeel, word Feliks bang, en sê: “Dit is nou genoeg!” In Op 6:15-16 lees ons hoe die konings en alle ongelowiges met die oopmaak van die sesde seël vir die berge en die kranse uitroep: “Val op ons en bedek ons vir die oë van Hom wat op die troon sit.” Van nature is alle mense bang vir die dood. Miskien het jy ook al met iemand gepraat wat bang is om te sterf. Hierdie vrees is dikwels gekoppel aan die feit dat ons nie weet wat na die dood wag nie, maar veral vir ongelowiges is dit dikwels gekoppel aan die feit dat hulle bekommerd is dat daar wel ‘n God is wat hulle gaan oordeel.

Maar wat vers 15 ons leer is dat die menswording van die Seun en die feit dat Hy die duiwel ontwapen het, het tot gevolg dat hierdie vrees vir die dood verdwyn. Natuurlik verdwyn dit net vir die wat Hy heilig maak (vers 11), net vir die nageslag van Abraham (vers 16) – nie vir alle mense nie; ons het tog in Op 6 gesien dat ongelowiges aan die einde van die tyd steeds bang sal wees vir die dood. Hoekom verdwyn hierdie vrees vir ongelowiges? Want die een wat hulle wou aankla, is oorwin, en die grond vir sy aanklag is daarmee heen. I.p.v. om te vrees, het hulle 'n heerlike toekoms waarna hulle mag uitsien soos wat ons einde laasjaar gesien het toe ons besin het oor wat gelowiges kan verwag wanneer hulle sterf.

Pink sê as jy dit in die praktyk wil sien, gaan kyk na die geskiedenis van Dawid en Goliat in 1 Sam 17. Kan ek dit kortliks opsom: In hierdie verhaal is Dawid natuurlik 'n tipe van die Seun, en Goliat 'n tipe van die duiwel. Let nou op die volgende: Ons lees dat Goliat die volk uitgedaag het, en die gevolg was dat die volk bang was, hulle was bang hulle gaan doodgemaak word – sien jy: die duiwel daag die mense uit met beskuldigings en hulle word bang. Waar was Dawid toe dit gebeur? Hy was in sy pa se huis, besig om skape op te pas. Waar was die Seun terwyl die duiwel die mense aangekla het in die Ou Testament? By Sy Vader, maar reeds besig om vir Sy kinders te sorg. Toe verlaat Dawid sy vader se huis gelaai met kos vir sy broers. Met Sy menswording, verlaat die Seun die Vader en kom na die aarde toe gelaai met seëninge vir Sy broers. Dawid se broers wil niks met Dawid te doen hê toe hy in die laer kom nie. Die Jode wou niks met die Seun te doen hê toe Hy aarde toe kom nie. Dawid gaan verslaan Goliat – alleen. Die Seun sterf aan die kruis – alleen. Dawid kap Goliat se kop af. Die Seun verbrysel die kop van die slang, die duiwel, die een wat mag het oor die dood. Skielik is die vrees van die volk weg, en hulle trek op teen die Filistyne en verslaan hulle, want Goliat is dood. Gelowiges se vrees vir die dood verdwyn, want die een wat mag het oor die dood, is nietig gemaak deur die Seun.

- Die Seun het mens geword om beslag te lê op die nageslag van Abraham (vers 16): Vers 16 sê dat dit duidelik is dat dit vir die Seun nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham – dit is hoe die NAV dit vertaal. Die OAV vertaal dit met Hy was bekommerd oor die nageslag van Abraham, die NIV en ESV vertaal dit met He helps Abraham's descendants. Dieselfde woord word in Mat 14:31 gebruik toe Petrus op die water geloop het. Ons lees dat toe Petrus sien hoe sterk die wind is, het hy bang geword en begin sink. Hy het uitgeroep: "Here red my!" En dan sê vers 31 Jesus het dadelik Sy hand uitgesteek en hom gegryp. Daardie woord "gegryp" is dieselfde woord wat hier in vers 16 gebruik word. Die Seun het mens geword, Hy het die Leidsman tot die verlossing geword, Hy het die duiwel nietig gemaak, Hy het die vrees vir die dood weggeneem – vir die wat Hy gegryp het, vir die oor wie Hy bekommerd was, vir die oor wie Hy begaan was, die wat Hy kom help het. Hy het Hom oor hulle ontferm.

Maar wie is hierdie mense? Dit is die nageslag van Abraham. Wie is die nageslag van Abraham? Gal 3:7-9 is baie duidelik hieroor. Almal wat glo is die nageslag van Abraham – dit sluit Jode sowel as nie-Jode in. Dit is dus al die gelowiges uit alle nasies. Die Seun het mens geword vir hulle almal – dit is hulle waaroor Hy begaan is en wat Hy in die proses gryp. Dit is hulle wat nie meer die dood hoef te vrees nie, want dit is hulle skuld wat saam met Hom aan die kruis gespyker is.

Let ook op wie dit nie is ter wille van wie Hy mens geword het nie: Vers 16 sê die was nie ter wille van die engele nie. Natuurlik nie – Hy het nie 'n engel geword nie, Hy het 'n mens geword. Maar let ook op Hy het nie mens geword ter wille van die nageslag van Adam nie –

Hy het mens gehad ter wille van die nageslag van Abraham. Nie alle mense word gegryp nie, net die nageslag van Abraham, net die gelowiges. Die res leef steeds in vrees vir die dood, en vir alles wat saam met die dood kom.

Toepassing

Kan ek afsluit deur kortliks 'n toepassing te maak. Ons lees in vers 15 dat diegene wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, bevry word deur die gevolge van die koms van die Seun as mens. Dit is so dat die Christelike godsdiens al dikwels in die verlede gebruik is as 'n basis om een of ander bevrydingsteologie te verdedig. Dit kan bevryding wees van een of ander vorm van onderdrukking deur 'n diktator wat met mag sy wil op sy onderdane afdwing, dit kan bevryding wees van rassisme, en daar is sekerlik nog meer. Alhoewel dit waar is dat die Christelike geloof nie enige vorm van uitbuiting van onderdane of onderdrukking deur iets soos rassisme goedkeur nie, is dit nie ten diepste die doel van die Christelike geloof nie. Die bevryding wat die Seun kom bewerk het deur Sy menswording is die bevryding van die aanklag wat die duiwel teen gelowiges wou inbring, dit is bevryding van die gevolg van hierdie aanklag, naamlik dat gelowiges die dood verdien. Dit is bevryding van die vrees vir die dood – veral die ewige dood. Die Seun het nie mens geword net om hierdie wêreld 'n beter plek te maak nie. Nee, Hy het mens geword om die duiwel tot niet te maak, om te heers oor alles, en om toe te sien dat God se doel sal verwesenlik – en dit is dat die hele skepping nuut gemaak sal word, en gevul sal wees met mense wat Hy gegryp en vrygemaak het van hulle vrees vir die dood en vrygemaak het van hulle sondelas – met die doel dat hulle God sal verheerlik.

Mag ons elkeen werklik verstom staan voor die wonder van die menswording van die Seun. Mag ons verstaan hoe noodsaaklik dit was dat Hy mens geword het. Mag ons waardeer dat Hy werklik gelyk aan ons geword het, maar tog ook radikaal anders in die sin dat Hy sonder sonde was. Mag ons met groot vrymoedigheid ons lewe tot Sy eer lewe, omdat ons oortuig is Hy het reeds die duiwel en sy aanklagte nietig gemaak, en daarom hoef ons nie meer die dood te vrees nie. Mag ons groot vreugde put uit die genade voorreg dat ons deel mag wees van die nageslag van Abraham – tot Sy eer!